10 Feb

Uitgawe 2010/02/10

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Hy sal nooit wankel nie; die regverdige sal in ewige gedagtenis wees. Hy vrees nie vir slegte tyding nie; sy hart is gerus, vol vertroue op die HERE. (**Ps.112:6-7**). Ons sal nie bang wees vir slegte nuus nie, vir terugslae of verliese nie; die verwoesting van eiendom; verwoesting deur 'n vloed, droogte of oorlog nie. Ons harte sal ten volle op God vertrou terwyl ons alles in Sy hande oorlaat. Ons is verseker dat alles goed sal verloop, dat niks sal gebeur sonder dat die Een wat wyser is dit toelaat nie en wanneer iets wel gebeur dat hy die een wat ly sal onderskraag. ***Vader, ek glo en vertrou U. Ek is U kind.***

Deurbraak : Seun van Voedoe priester lei mense na Christus

Jean Junior Cineas, die seun van 'n voedoe priester, wy sy lewe daaraan toe om Haïtiane na Christus te lei. Hy sê dat dit hom groot vreugde verskaf om Christus met ander te deel en dit het sy lewenstyl geword. Cineas het gesê dat die invloed van voedoe besig is om af te neem en dat baie nou die naam van God aanroep. Dit is weinig dat hy iemand ontmoet wat nie gebed wil ontvang of meer van Jesus wil weet nie. Cineas het van Jesus gehoor by sendelinge, en hy het op hulle gesteun om die voedoe lewe te ontsnap waaraan sy familie geglo het. (Webruimte: http://www.bpnews.net/bpnews.asp?id=32195, 02/02/10). ***Prys die Here vir die verandering wat Hy bring in die harte van Haïtiane en dat hulle hul harte tot Hom draai. Dank die Here vir die openbaring van Homself aan Jean en dat hy 'n getuie kan wees vir ander in Haïti.***

Bid vir jou gemeenskap : Jongmense ten gunste van die huwelik

Ten spyte van die toename in die egskeidingsyfer wil dit voorkom asof die huwelik nog steeds 'n begeerte is vir jongmense in Noord-Ierland. Nuwe syfers toon dat meer as 90% van die jongmense graag sal wil trou. Hierdie inligting was bekom deur een van die grootste opnames oor seksuele ingesteldheid wat nog geloods was in die provinsie. Meer as 'n duisend persone tussen die ouderdomme van 16 en 30 jaar is gevra oor hul standpunt en gedrag rondom verhoudings en seksuele kwessies vir die opname. Die opname was ook daarop gemik om agter te kom of geloof enigsins 'n impak het op hul sienswyses. Sewe-en-tagtig persent van die jongmense het gesê dat die Bybel hul iets kan leer oor verhoudings en seks. Een-en-tagtig persent het gesê hulle dink pornografie is skadelik en tog het 79% sulke webruimtes besoek. Drie-en-sestig persent het gesê dat seks buite die huwelik verkeerd is. (E-pos: editor@prayer-alert.net, 05/02/10). ***Bid dat God die gedagtes van jongmense sal beskerm om aan die positiewe gedagtes vas te hou. Bid dat jongmense 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof en in reinheid sal wees.*** (**1 Tim.4:12**).

Suid-Afrika : Uitbuiting en Mensehandel

Kaapstad toon sterk betrokkenheid in die bekamping van prostitusie, die toename van bordele en mensehandel. Verskeie bordele wat hulself voorgedoen het as skoonheidsalonne en masseersalonne is as gevolg van 'n polisie klopjag gesluit gedurende die laaste week. Hierdie ondernemings is bedryf sonder lisensie en het ander wette van die Stad geminag. Alhoewel daar konkrete bewyse is dat jongmense in prostitusie ingelei word by hierdie "salonne", wat op valse voorwendsels en misleidende advertensies lede werf, – publiseer koerante nog steeds hierdie advertensies en op 'n indirekte manier word prostitusie en mensehandel aangemoedig. (E-pos: enaidoo@familypolicyinstitute.com, 09/02/10). ***Bid dat alle stede waar toeriste byeen gaan kom vir die Wêreldbeker seksuele reinheid sal bevorder asook goeie morele waardes. Bid dat misleidende advertensies in koerante stopgesit sal word wat onskuldige mense na die seks industrie lok.***

Internasionaal : Winter Olimpiese Spele

Daar is 'n oproep na intersessors van regoor die wêreld om Vancouver in Kanada te besoek tydens die Winter Olimpiese Spele (12-28 Feb.2010) en om saam te staan in gebed vir God se plan in hierdie kritiese tyd. Hulle sal bid vir hierdie strategiese stad, die roeping van die stad in die nasies en die spesifieke geleentheid vir die Kerk om gasvryheid te betoon. Die *Keats Island International Prayer Centre* is 'n korttermyn plan om gebed te mobiliseer vir die area van Vancouver in Kanada en ander nasies tydens die Winter Olimpiese Spele van 12 – 28 Feb 2010 en veral die gasvryheidsbediening *'More than Gold'* ('n interkerklike groep wat gemeentes in die Metro Vancouver Area koördineer). 'n Groep leiers sal elke dag verskeie vorme en geleenthede vir gefokusde gebed voorstel. Vir meer inligting, kontak asseblief richard@nhop.ca. (E-pos: JWWatches24-7@iemail.co.za, 01/02/10). ***Bid vir die leiers van hierdie inisiatief, bid dat hulle op God sal wag en sal toelaat dat die Heilige Gees hul sal lei deur elke strategie en gebed. Bid vir veilige reise vir diegene wat ver reis na Vancouver. Bid dat elke intersessor se gebed gelei sal wees deur die Heilige Gees en dat hul God se Woord sal verklaar oor elke situasie en ook oor die lewens van elke persoon wat die area sal besoek oor hierdie tydperk.***